Junie 2006
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek stuur hierdie brief vroeg omdat ek aan die begin van Junie vir ‘n paar dae [weke?] sonder internetverbinding sal wees.

Gedurende die eerste Anglo-Boere-oorlog het die Engelse Pretoria beset en die hele burgerlike bevolking moes in kampe gaan woon. [Vir meer inligting sien die Pretoria Briewe van Januarie en Februarie 2005.] Tydens die beleg het Charles du Val en Charles Deeker ‘n koerant “News of the Camp” uitgegee. In verband met hierdie gebeurtenis het ek wonderlike nuus om met julle te deel. Die mense van die Nasionale Biblioteek in Kaapstad, wat die koerant in hul argiewe het, was so gaaf om dit vir my op mikrofilm te sit. Ek het dit reeds ontvang en kan nie wag om te begin lees nie en sal hopenlik volgende maand begin om inligting deur te gee.

As inleiding eers ‘n bietjie inligting oor die ontstaan van die koerant en die geskiedenis van die mense wat dit uitgegee het.




Die kantoor van ”News of the Camp”. Charles Du Val sit in die middel met ‘n pen in die hand en ‘n geweer teen sy knie. Links agter hom met sy voet op die tafel staan Charles Deeker. Die twee manne met die lang voorskote aan is heel moontlik die setters, maar hulle het ook bandoliere oor die skouer en gewere in die hand om te wys dat hulle altyd slaggereed is, ten minste vir die foto’s.

<u>News of the Camp</u>
Tydens die beleg van 1880/81 is die drukpers van die koerant “The Transvaal Argus” vir veiligheid na een van die kampe verskuif. Charles Deeker [eienaar en uitgewer van die Transvaal Argus] en Charles du Val het toe die drukpers gebruik en “News of the Camp” uitgegee. Die eerste uitgawe het in 1800 op

Kersdag verskyn en daarna is dit drie maal per week, nl. Dinsdag, Donderdag en Saterdag, uitgegee. Daar was 500 intekenare en dit is versprei teen 6d per kopie. Altesaam 40 uitgawes het verskyn. Later is 200 stelle van die koerant gebind as aandenkings van die oorlog.

Voordat die koerant uitgegee is het dit eers onder die skêr van die militêre sensor deurgeloop en gee dus nie die volle waarheid oor lewe in die kampe weer nie. Maar die waardevolle inligting oor die sosiale dag-tot-dag gebeure behoort egter baie interessante leestof uit te maak.

<u>Charles du Val</u>
Charles du Val was ‘n Engelse joernalis en verhoogkunstenaar wat op 18 November 1880 in Pretoria aangekom het met sy verskeidenheidskonsert “Odds and Ends”. In 1882 publiseer hy ‘n boek “With a show through South Africa”.

Gedurende die beleg het De Val by die Carbineers aangesluit en beklee later die pos van “Information Officer” op die personeel van Kol. Gildea. Gedurende die tydperk het die boeremagte rondom Pretoria stelling ingeneem en alle kommunikasie van die Engelse met die res van die wêreld afgesny. Hier het seker een van die eerste eksperimente met mikrofilm in Suid Afrika plaasgevind. Du Val het ‘n verslag met die titel “Pretoria Beleaguered” vir die Daily Telegraph in Londen geskryf. Dit is gefotografeer [heel moontlik deur H.F. Gros], verklein na twee vierkante duim en so na Natal gestuur. Dit het nooit in Londen uitgekom nie maar is in vier dele in die Natal Mercury van Mei 1881 gepubliseer.



‘n Foto van H.F. Gros getiteld “Garrison Office”. Die persoon met die wandelstok en hond is kolonel Gildea. Tweede van regs met die wit broek en kamaste is Charles du Val.

In 1888 bring Charles du Val weer ‘n besoek aan Pretoria met ‘n uitgebreide lys van karakter- en musikale sketse. Hierdie keer word hy vergesel van sy vrou Minnie, die verhoogkunstenaar Fred Carter en die pianis E. Breakspeare. Op die program was o.a. liedere, kulkunste en nabootsings. Hy was veral bekend vir sy vertolking van die vroulike karakter “Miss Bella Dashaway – The Ballroom Belle”.

Gedurende hierdie besoek stuur hy ‘n reeks artikels “Round the world with Pen, Pencil and Camera” aan ‘n sindikaat Engelse koerante. Sy plan was om later die artikels as ‘n boek uit te gee. Oor Pretoria sê hy: “unsightly brickfields and rubbish dumps mar the former approaches to the town from the south. Pretoria has increased in size – its inhabitants are more numerous, its shops and stores larger and well stocked. A very respectable post office and Landdrost Court constitute a well-looking pile of buildings on the Church Square, a central part of town”.

Een van die artikels het verskyn in “The Weekly Irish Times” met ‘n illustrasie van die triomfboog wat tydens die inhuldiging van president Kruger in 1888 by die westelike ingang van Kerkplein opgerig was. Hy beskryf die dag as volg: “Pretoria was quite gay with truimphal arches, scrolls, flags and banners. The Boers for miles around came in to join the festivities. The guns of the state artillery thundered away while the swearing in ceremony in the presidential chair was being duly carried out”.

Van Suid-Afrika seil die geselskap na Ceylon as deel van hul toer om die wêreld. Daar kry Du Val egter ‘n geestelike ineenstorting en die toer word afgelas. Op pad terug na Engeland in Februarie 1889 spring hy oorboord voordat iemand hom kon keer; hy was 42 jaar oud. Sy liggaam is nooit gevind nie.

Charles Deeker

Die eerste melding van Charles Deeker in Pretoria word in Julie 1880 gemaak toe hy gekies is as lid van ‘n komitee om die nuwe hospitaal te beplan. In Augustus van dieselfde jaar word hy verkies tot ‘n komitee wat die wenslikheid van die spoorweg moes bespreek.

Dit het nie so goed met hom gegaan nie en in 1882 word hy insolvent verklaar en word sy eiendomme, o.a. in Van der Walt- en Vermeulenstrate, op ‘n veiling verkoop.

Later word hy uitgewer van die Transvaal Advertiser en ook van die eerste Johannesburgse koerant.

Bronnelys

Allen, Vivien — Kruger's Pretoria. A. Balkema. Kaapstad: 1971.

Allen, Vivien — Lady Trader: Biography of Mrs. Sarah Heckford. Willliam Collins Sons & Co Ltd. London: 1979.

Bolsmann, Eric — Pretoria Artist's Impressions 1857-2001. Protea Boekhuis. Pretoria: 2001.

Davey, Arthur M. — The Siege of Pretoria 1880-1881. Argief Jaarboek, Jaar 19, vol. 1. Cape Times Ltd. 1956.

Engelbrecht, S.P. — Eeufees-Album: Pretoria se Eerste Eeu in Beeld. J.L. van Schaik Beperk. Pretoria: 1952.

Engelbrecht, S.P. — Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria uitgegee in die eeufeesjaar 1955. Stadsraad van Pretoria. Pretoria: 1955.

| | |
|---|---|
| Hardijzer, Carol | **Henri Ferdinand Gros: Pretoria's First Photographer.** Africana Vereniging. Jaarboek van die Pretoria Vereniging. 2002. |
| Spies, F.J. du T. | **Pretoria in 1880-1881.** Pretoriana, Nommer 80 [November], 1981. |
| Van Rooyen, T.S. | **Oorlog en 'n koerant.** Pretoriana, Deel 1 Nommer 3-4 [Maart], 1952. |
| Van Rooyen, T.S. | **Oorlog en 'n koerant.** Pretoriana, Deel 1 Nommer 2 [Desember], 1951. |
| V – De Volksstem. | 1880-07-31; 1880 08-24; 1880-11-06; 1880-12-10; 1882-09-20; 1883-08-11. |


Die volgende van Arina Kock

Hallo Rosa,

Baie dankie vir die nuutste nuusbrief. Dit is heerlike leesstof!

Het jy enige inligting oor die ablusiefasiliteite wat bestaan het toe Kerkplein nog die kampeerplek was vir Nagmaal, ens.? Was daar 'n watervoor rondom die Plein?

Iemand het my gevra of ek iets weet van die Hollardgebou. Blykbaar is die gebou baie jare gelede afgebreek. Het jy inligting?

Groete,

Arina [Kock]

---------------------------------------------------------------------

Hier is nog goeie nuus

Stokou HUISGENOTE en ander tydskrifte soos DIE BRANDWAG, ONS EIE BOEK en DIE UNIE, sowel as talryke ander publikasies wat van 1913 dateer, is na 16 jaar se geswoeg en gesweet nou wêreldwyd elektronies beskikbaar.

Direkte skakel hieronder:

http://www4-win2.p.nwu.ac.za/dbtw-wpd/textbases/BATL.htm

Groete tot volgende maand,

Rosa Swanepoel

--------------------------------------------------------